AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES

# *Voltydse dosent:*
## ENGELS (TAALKUNDE)

PRETORIA

Akademia is 'n Christelike, klassieke en onafhanklike hoëronderwysinstelling wat verbind is tot die uitnemende opleiding en vorming van studente vanuit en vir Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe. Akademia het vanaf Januarie 2026 op die Pretoria-kampus 'n voltydse pos vir 'n dosent: Engels (Taalkunde) in die Departement Tale en Kultuurwetenskappe beskikbaar.

## POSDOELSTELLING

'n Dosent is daarvoor verantwoordelik om hoëgehalteonderrig aan studente te bied deur innoverende klasaanbiedings en leerervarings. Die pos vereis dat akademiese take, navorsing en innovering, en akademiese gemeenskapdeelname ywerig verrig word. Die vorming van studente tot goedgevormde mense word hoog op prys gestel. 'n Dosent streef daarna om as leier in 'n vakgebied erken te word en streef verdieping in alle klasaanbiedinge na.

## VERANTWOORDELIKHEDE

- Voorbereiding en dosering van inhoud op die Pretoria-kampus
- Kurrikulumontwikkeling
- Navorsing op vakgebied ter ondersteuning van onderrig en leer, en professionele ontwikkeling
- Opstelling van assesseringsaktiwiteite in 'n kontakleeromgewing
- Akademiese gemeenskapsdeelname
- Lewering van bystand en akademiese ondersteuning aan studente

## POSVEREISTES

- 'n Meestersgraad in Engelse taalkunde
- Ervaring in die hoëronderwys
- 'n Doktorsgraad en navorsingsuitsette sal in die kandidaat se guns tel

## VAARDIGHEDE

- Sterk verbale en geskrewe kommunikasie
- Interpersoonlik
- Prioritisering en tydsbestuur
- Onafhanklik in 'n spanverband funksioneer
- Neem inisiatief; is oplossingsgedrewe
- Vermoë om werk onder druk te voltooi
- 'n Liefde vir Afrikaans
- 'n Ambassadeur vir Akademia wees deur te help om die instelling uit te bou

**Klik hier om vir die pos aansoek te doen.** Slegs Afrikaanse CV's sal aanvaar word. **Aansoeke moet voor of op 30 September 2025 ingedien word.** Stuur 'n e-pos met jou Afrikaanse CV na personeelnavrae@akademia.ac.za indien jy probleme met die skakel ervaar.

Akademia behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie. Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys 75 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer (registrasienommer: 2011/HE08/005). Akademia is deel van die Solidariteit Beweging.

Akademia-hoofkantoor, Von Willichlaan 284, Centurion // 0861 222 888 // **www.akademia.ac.za**

Akademia MSW (Maatskappyregistrasienommer: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005; Direkteure: M.J. Visser (besturende direkteur), dr. D.J. Hermann, H.J. Schalekamp, P.W.A. Steyn, prof. D.P. Goosen, P.J.W. Buys en J.D. Symington.